1. In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

“**afgebakende gebied**” ’n handelsruimte wat vir informele handel toegewys en gemerk is.

“**belemmer**” om enigiets te doen wat die vloei van voertuig- of voetgangerverkeer op ’n openbare pad blokkeer of waarskynlik sal blokkeer.

“**dienste**” met betrekking tot ’n informele handelaar onder meer enige voordeel of aanwinst wat deur die handelaar in ruil vir vergoeding of beloning gegee of verskaf word.

“**eenmalige gebeurtenis**” ’n gebeurtenis wat slegs een keer per jaar voorkom.

“**gemagtigde amptenaar**” ’n persoon wat gemagtig is om die bepalings van hierdie verordening te implementeer, insluitend, maar nie beperk nie tot:

- (a) vredesbeamptes soos bedoel in artikel 334 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977);
- (b) ’n verkeersbeampte aangestel ingevolge artikel 3A van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996);
- (c) ’n lid van die diens soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet 68 van 1995); of
- (d) sodanige werknemers, gedelegeerde genomineerdes, verteenwoordigers en diensverskaffers van die munisipaliteit wat spesifiek in hierdie verband deur die munisipaliteit gemagtig is: met dien verstande dat vir die doeleindes van deursoeking en beslagneming, waar sodanige persoon nie ’n vredesbeampte is nie, sodanige persoon deur ’n vredesbeampte vergesel moet word.

“**gemagtigde handelaarverteenwoordiger**” ’n individu aan wie die regsbevoegdheid verleen is om namens ’n handelaar met ’n geldige informelehandelaarspermit op te tree. Hierdie persoon is gemagtig om amptelike handelsake soos handeldrywing en die ondertekening van dokumente by ’n afgebakende stalletjie te hanteer. Hierdie persoon moet voldoen aan dieselfde regulasies en stipulasies as die houer van die informelehandelaarspermit.

“**goedere**” enige roerende eiendom wat deur ’n persoon op ’n openbare of privaat plek of openbare pad vertoon of gehou word met die doel om in verband met die bedryf van die besigheid van ’n informele handelaar gebruik te word, en sluit handelsware, artikels, houers, voertuie of strukture in.

“**informele handel**” die handel in goedere en dienste in die informele sektor deur ’n informele handelaar op ’n openbare pad of ’n openbare of privaat plek, ongeag of dit in ’n residensiële gebied, dorp of informele nedersetting is en wat gewoonlik, sonder beperking, die volgende soorte handel insluit:

- (a) straathandel;
- (b) handel op openbare plekke;
- (c) mobiele handel, soos karavane, ligte afleweringvoertuie en sleepwaens;
- (d) handel vanuit kiosks, stalletjies of houers;
- (e) handel tydens spesiale geleenthede;
- (f) handel by markte.

“informele handelaar” ’n persoon wat die besigheid van straatverkoper of smous bedryf en sluit enige gemagtigde handelaarvertegenwoordiger of ’n persoon of ’n onderneming in wat nie ingevolge die korporatiewe wette van Suid-Afrika geregistreer of geïnkorporeer is nie en wat by informele handel betrokke is.

“mark” ’n gebied binne ’n informelehandelsgebied wat op ’n informelehandelsplan as ’n mark afgebaken is en wat op ’n gekoördineerde wyse bestuur word.

“motorvoertuig” enige selfaangedrewe voertuig soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996).

“Munisipale Bestuurder” ’n persoon aangestel as die hoof van administrasie van die munisipale Raad ingevolge artikel 54A van die Wet op Munisipale Stelsels.

“munisipale eiendom” eiendom in besit van, gehuur deur of onder die beheer van die munisipaliteit; **“munisipale Raad”** of **“Raad”** die Witzenberg- munisipale Raad, ’n munisipale raad soos na verwys in artikel 157(1) van die Grondwet.

“munisipaliteit” die Witzenberg Munisipaliteit, ’n kategorie B-munisipaliteit soos bedoel ingevolge artikel 155(1) van die Grondwet van Suid-Afrika.

“nasionale monument” enige van die “openbare monumente en gedenktekens” soos omskryf ingevolge artikel 2 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999).

“niemunisipale eiendom” eiendom wat binne die regsgebied van die munisipaliteit geleë is, maar wat nie deur die munisipaliteit besit, gehuur of beheer word nie.

“onwettige goedere” –

- (a) goedere wat onwettig is om te verkoop of te koop, insluitend, maar nie beperk nie tot nagemaakte goedere soos omskryf in die Wet op Nagemaakte Goedere, 1997 (Wet 37 van 1997);
- (b) goedere wat op ’n onregmatige wyse gekoop of verkoop word; of
- (c) goedere wat op ’n onregmatige wyse verkry is.

“oorlas” enige handeling of optrede deur enige persoon, of die gebruik, aanhou, produsering, neweprodusering, verskuiling of vervoer, na die gelang van die geval, van enige item, middel, stof, materiaal, toerusting, gereedskap, aanleg of dier, of om enige situasie of toestand in of op privaat eiendom of in op ’n openbare plek of op enige plek in die munisipaliteit te veroorsaak of te skep wat skade, ergernis, ongemak of ongerief veroorsaak vir die publiek of vir enige persoon, in die uitvoering van regte algemeen tot alle persone of van enige persoon.

“openbare pad” enige pad, straat of deurgang of enige ander plek (hetsy ’n deurgang of nie) wat gewoonlik deur die publiek of ’n deel daarvan gebruik word of waartoe die publiek of enige deel daarvan ’n reg op toegang het, en sluit in –

- (a) die rand van enige sodanige pad, straat of deurgang;
- (b) enige brug, pont of drif waaroor enige sodanige pad, straat of deurgang loop; en
- (c) enige ander werk of voorwerp wat ’n deel uitmaak van of in verband met of behorende aan sodanige pad, straat of deurgang.

“openbare parkeerplek” enige ruimte op ’n openbare plek wat deur die munisipaliteit aangewys is as ’n plek waar ’n motorvoertuig kan parkeer.

“openbare plek” –

- (a) 'n openbare pad;
- (b) 'n openbare parkeerplek; en
- (c) enige plein, park, ontspanningsterrein, sportterrein, winkelsentrum, munisipale begraafplaas, oop ruimte of onbeboude munisipale grond wat in die munisipaliteit berus, of ten opsigte waarvan die publiek gebruiksreg het, of wat aangedui word op 'n algemene plan van 'n dorpsgebied wat by 'n aktekantoor of 'n Landmeter-generaal se kantoor op rekord is as 'n plek wat verskaf is vir die gebruik van die publiek of die eienaars van erwe in sodanige dorpsgebied.

“padrand” daardie gedeelte van 'n pad, straat of deurgang, insluitend die sygaardjie, wat nie die ryvlak op die skouer is nie, soos omskryf in afdeling 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 of 1996).

“park” 'n tuin of park waartoe die publiek toegangsreg het, en “tuin” dra dieselfde betekenis.

“permithouer” 'n informele handelaar aan wie 'n permit deur die munisipaliteit toegestaan is om informele handel vanaf 'n afgebakende perseel geleë in 'n informelehandelsgebied op munisipale eiendom te dryf.

“prysgegewe goedere”:

- (a) goedere wat op 'n openbare pad of openbare plek gevind word en klaarblyklik nie onder die beheer van enige persoon is nie;
- (b) goedere wat aan die einde van 'n besigheidsdag op 'n openbare pad of openbare plek gevind word en klaarblyklik nie onder die beheer van enige persoon is nie;
- (c) goedere wat in 'n mangat, stormwaterdrein, openbare toilet, taxistaanplek of in enige boom of struik gevind word en waar geen bewyse beskikbaar is dat dit aan 'n spesifieke persoon behoort nie.

“randsteenlyn” die grens tussen die skouer en die padrand of, in die afwesigheid van 'n skouer, die deel tussen die rand van die ryvlak en die padrand, soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996).

“rommel” onder meer enige houër, verpakking of ander afval wat deur 'n informele handelaar of deur sy of haar klante weggegooi of agtergelaat is.

“ryvlak” daardie gedeelte van 'n pad, straat of deurgang wat opgeknop, gebou of bedoel is vir voertuigverkeer en wat tussen die rande van die ryvlak geleë is, soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996).

“skouer” daardie gedeelte van die pad, straat of deurgang tussen die padrand van die ryvlak en die randsteenlyn, soos omskryf in die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 of 1996).

“skutgelde” die toepaslike tariefheffing, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, vir die skutting en berging van goedere wat ingevolge hierdie verordening geskut is, asook die wegdoening of vrystelling van die geskutte goedere en enige gepaardgaande koste;

“spesiale geleentheid” onder meer geleenthede wat die volgende insluit, maar nie daartoe beperk is nie: konserte, parades, sirkusse, skoue, feeste, blokpartytjies, gemeenskapsgeleenthede, wedrenne en fietsrenne.

“sypaadjie” daardie gedeelte van 'n padrand wat bedoel is vir die uitsluitlike gebruik van voetgangers, soos omskryf in afdeling 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 of 1996).

“verkoop” onder meer –

- (a) ruilhandel, verruiling of verhuring;
 - (b) uitstalling, blootstelling, aanbieding of voorbereiding om te verkoop;
 - (c) berging op 'n openbare pad of op 'n openbare plek met die doel om te verkoop; en
 - (d) verskaffing van 'n diens teen beloning,
- en “verkope” dra 'n ooreenstemmende betekenis.

“voedingsmiddels” voedsel wat bedoel is vir menslike verbruik soos omskryf in artikel 1 van die Wet of Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972).

“wet” die Wet op Besighede, 1991 (Wet 71 van 1991).

Vertolking van verordening

2. Indien daar 'n teenstrydigheid is in die vertolking tussen die Engelse weergawe van hierdie verordening en 'n vertaalde weergawe, geniet die Engelse weergawe voorrang.

Doelwit van verordening

3. Die doelwit van hierdie verordening is om informele handel te reguleer op 'n wyse wat –
 - (a) verseker dat informele handel op 'n ordelike wyse en in afgebakende gebiede plaasvind;
 - (b) toegang tot werk- en entrepreneuriese geleenthede in die informelehandelsektor moontlik maak;
 - (c) die verhouding tussen die informelehandelsektor en die formelehandelsektor harmoniseer;
 - (d) die gesondheid en veiligheid van die publiek verseker; en
 - (e) inklusiewe openbare deelname verseker wat erkenning gee aan, en die regte beskerm van, almal wat deur informele handelaars geraak word.

Toepassing van verordening

4. Hierdie verordening is van toepassing op alle gebiede wat onder die regsgebied van die Witzenberg Munisipaliteit val en is bindend op alle persone in die mate wat dit op hulle betrekking het.

HOOFSTUK 2

VRYHEID OM INFORMEEL HANDEL TE DRYF

Vryheid om by informele handel betrokke te wees

5. Onderworpe aan voldoening aan die bepalings van –
- (a) hierdie verordening;
 - (b) enige ander toepaslike wet;
 - (c) enige toepaslike informelehandelspermit; en
 - (d) munisipale reëls vir informele handel of beleid oor die bestuur van handel.

Enige kwalifiserende persoon wat wettig in Suid-Afrika woon en wat binne die omskrywing van informele handelaar val en wat nie voorheen verbied is om in Witzenberg Munisipaliteit handel te dryf nie, word toegelaat om aansoek te doen om 'n informelehandelspermit binne die afgebakende gebied wat binne die regsgebied van die munisipaliteit val.

HOOFSTUK 3 INFORMELE HANDEL OP MUNISIPALE EIENDOM

Handelsgebiede en handelspersele

6. (1) Die Raad kan by besluit –
- (a) informelehandelsgebiede op munisipale eiendom opsy sit binne enige gebied wat as 'n informelehandelsgebied aangewys is, en
 - (b) informelehandelspersele binne informelehandelsgebiede afbaken.
- (2) Die Raad kan op billike en geregverdigde gronde by besluit –
- (a) enige informelehandelsgebied of informelehandelsperseel uitbrei, skuif, verklein, vestig of ontbind.
- (3) Geen persoon word toegelaat om op munisipale eiendom handel te dryf as dit nie as 'n afgebakende informelehandelsgebied deur die Raad se handelsure en ander voorwaardes geag word nie.

Handelsure en ander voorwaardes

7. (1) Die munisipaliteit kan, wanneer informelehandelsgebiede opsy gesit word of op enige tydstip daarna, met billike kennisgewing –
- (a) handelsdae- en ure; en
 - (b) enige ander voorwaardes oplê.
- (2) Die handelsdae sal soos volg wees:
- Maandae tot Saterdag met handelsure soos deur die munisipaliteit bepaal;
 - handel op Sondag word nie toegelaat nie, behalwe onder spesiale omstandighede. 'n Spesiale permit wat handel op Sondag vir die spesifieke Sondag toelaat, sal van toepassing wees en die aansoek sal deur administrasie geëvalueer word. Bykomende koste vir handel op die spesifieke Sondag sal van toepassing wees. Die aansoek om die spesiale handel op Sondag moet minstens 7 werksdae voor die beoogde Sondag deur die munisipaliteit ontvang word. Handelsure sal deur die munisipaliteit bepaal word.
- (3) Handelsure sal deur die Kantoor van die Munisipale Bestuurder bepaal word en is onderworpe aan verandering op grond van bedryfsvereistes.

Verbod: informele handel op munisipale eiendom sonder permit

8. Geen persoon mag sonder 'n geldige informelehandelspermit vanaf die munisipaliteit informele handel op munisipale eiendom dryf nie.
- a. Slegs die permithouer of sy/haar gemagtigde handelaarverteenwoordiger mag met die permit handel dryf.
9. **Informelehandelspermitte**
- (1) (a) Geen persoon mag sonder 'n geldige permit wat deur die munisipaliteit uitgereik is, informele handel op munisipale eiendom dryf nie. Daar word van aansoekers vereis om elke boekjaar 'n aansoek in te dien.
- (b) Die aansoektydperk sal elke jaar van 1 Junie tot 30 Junie beskikbaar wees. Indien handelaarruimte ná 30 Junie nog beskikbaar is, sal

aanzoekers steeds toegelaat word om aansoek te doen en die toepaslike tariewe sal ingevolge die Raad se goedgekeurde tariewe betaalbaar wees. Daar moet om permitte aansoek gedoen word op die wyse wat jaarliks deur die munisipaliteit bepaal word.

- (2) Die munisipaliteit moet enige aansoek om 'n informelehandelspermit oorweeg en –
 - (a) voorkeur sal gegee word aan inwoners van die Witzenberg- munisipale gebied.
 - (b) kan dit onderworpe aan enige voorwaardes goedkeur;
 - (c) kan versoek dat bykomende inligting binne 'n gespesifiseerde tydraamwerk verskaf word; of
 - (d) kan die aansoek afkeur en redes daarvoor verskaf.

- (3) Wanneer 'n informelehandelspermit uitgereik word, kan die munisipaliteit enige billike voorwaardes opleë, insluitend, maar nie beperk nie tot –
 - (a) minimum of maksimum handelsure;
 - (b) beperkings met betrekking tot die soort goedere of dienste waarmee die permithouer toegelaat word om handel te dryf;
 - (c) 'n vervaldatum vir die permit;
 - (d) voorwaardes met betrekking tot die soort struktuur of strukture, indien enige, wat op 'n informelehandelsperseel of in 'n informelehandelsgebied opgerig kan word; en
 - (e) dae waarop handel gedryf kan word.

- (4) 'n Informelehandelspermit –
 - (a) moet verwys na 'n gespesifiseerde handelsplek, soos geïdentifiseer deur die toegewese nommer, waarop die permit betrekking het;
 - (b) toon slegs die permithouer en sy of haar gemagtigde handelaar-vertegenwoordiger, die reg om daardie handelsplek te gebruik behoudens die voorwaardes van die permit, en die bepalings van enige ander voorwaardes wat ingevolge hierdie verordening opgelê word; en
 - (c) moet te alle tye by die plek van handel gehou word en moet op aanvraag deur 'n gemagtigde amptenaar getoon word.

Gelde vir informele handel

10. (1) Die munisipaliteit is daarop geregtig om die volgende te hef:
 - (a) aansoekgelde van enige persoon wat om 'n informelehandelspermit aansoek doen, ná indiening van elke aansoek om 'n informelehandelspermit;
 - (b) verskillende handelsgelde vir bedekte, oop afgebakende ruimtes en ruimtes vir voedselsleepwaens; en
 - (c) bykomende gelde of 'n tarief ten opsigte van bykomende koste aangaan of dienste verskaf deur die munisipaliteit, soos vir handel op Sondae;

- (2) In die geval waar nuwe bedekte strukture gedurende 'n boekjaar op bestaande afgebakende ruimtes opgerig word, kan die munisipaliteit na eie goeddunke besluit om nie 'n tarief vir bedekte ruimtes vir die oorblywende permittermyn van die huidige permithouer te hef nie. In so 'n geval moet die tarief vir bedekte ruimtes vanaf die volgende boekjaar toegepas en gehef word.

- (3) Ingeval die aansoek onsuksesvol is en/of teruggetrek word, sal aansoekgelde nie aan die aansoeker terugbetaal word nie.
- (4) Handelsgelde is nie terugbetaalbaar nie.

Aanstelling van gemagtigde handelaarverteenvoordiger

11. (1) Enige permithouer sal toegelaat word om 'n verteenwoordiger aan te stel om ingevolge 'n permit, uitgereik deur die munisipaliteit, handel te dryf, maar dit is onderworpe aan voorafkennisgewing aan die munisipaliteit en volgens bepalinge en voorwaardes wat deur die munisipaliteit neergelê word.
- (2) Alle bepalinge van hierdie verordening sal van toepassing wees op die verteenwoordiger aangestel deur die permithouer, soos in die geval van die permithouer.
- (3) Dit is die permithouer se verantwoordelikheid om die munisipaliteit in kennis te stel van enige verteenwoordiger, met volledige besonderhede soos vereis deur die munisipaliteit. Die munisipaliteit sal die verteenwoordiger se besonderhede op die permit insluit.
- (4) Indien 'n gemagtigde handelaarverteenvoordiger vervang moet word, moet daar om 'n nuwe informelehandelspermit aansoek gedoen word om die verteenwoordiger se besonderhede op te dateer. Pro rata-aansoekgelde ingevolge die Raad se tariewe kan gehef word.

Oordrag van informelehandelspermitte

12. (1) (a) Permitte is nie oordraagbaar nie, behalwe in die geval van die afsterwe of ernstige siekte van die permithouer waar 'n permit met die skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit permanent oorgedra kan word aan 'n afhanklike of 'n assistent wat namens die afhanklike optree, welke persoon sal voortgaan met handeldrywing totdat die permit nie meer geldig is nie;
- (b) 'n Permit kan, met die skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit, vir 'n tydperk van hoogstens 3 maande tydelik oorgedra word aan 'n afhanklike of, waar daar geen afhanklike is nie, aan 'n individu wat deur die permithouer genomineer word, om redes soos siekte, swangerskap, gesinsverantwoordelikheid, godsdienstige of kulturele aangeleentheid of enige ander persoonlike aangeleentheid, met dien verstande dat die munisipaliteit voorsien word van 'n beëdigde verklaring met die aard en tydperk waarvoor die permithouer die permitoordrag benodig.
- (2) Geen onderverhuring van stalletjies vir informele handel word toegelaat nie.

Pligte van 'n informele handelaar

13. (1) 'n Straathandelaar moet:
 - (a) persoonlik op die toegewese perseel handel dryf;
 - (b) wanneer hy of sy haar besigheid vir die dag afhandel, sy of haar eiendom verwyder na 'n plek wat nie deel van 'n openbare pad of openbare gerief is nie, behalwe as dit geberg word in enige struktuur wat deur die munisipaliteit goedgekeur is en toegelaat word;
 - (c) wanneer hy of sy versoek word deur 'n amptenaar van die munisipaliteit of 'n persoon wat gemagtig is om munisipale dienste te verskaf, sy of

haar eiendom skuif sodat die amptenaar of ander persoon enige werk in verband met 'n openbare pad, openbare gerief of diens kan verrig;

- (d) die gebied of perseel wat deur hom of haar geokkupeer word, in 'n skoon en higiëniese toestand hou;
 - (e) verseker dat die gebied te alle tye vry van rommel is en moet, wanneer sy of haar besigheid vir die dag afgehandel word, wegdoen met die rommel wat deur sy of haar besigheid gegenereer is in houters wat vir die publiek deur die munisipaliteit verskaf is.
 - (f) op versoek van 'n amptenaar van die munisipaliteit sy of haar eiendom skuif sodat die gebied waar hy of sy handel dryf, skoongemaak kan word; en
 - (g) verseker dat die gebied om die stalletjie en/of handelaar se infrastruktuur nie op enige wyse onooglik vir die publiek is nie.
- (2) Die munisipaliteit behou die reg voor om verdere pligte ten opsigte van die handelspermit op te lê.

Opheffing en opskorting van informelehandelspermitte

14. (1) Die munisipaliteit kan, binne 2 dae en nadat 'n geleentheid aan die informele handelaar gegee is om skriftelike verhoë te rig, 'n informelehandelspermit herroep of opskort as die informele handelaar –
- (a) enige voorwaardes van sy of haar informelehandelspermit oortree het;
 - (b) die bepalings van hierdie verordening of enige ander wet oortree het;
 - (c) skuldig bevind word aan handel in onwettige goedere of die onwettige lewering van 'n diens;
 - (d) daaraan skuldig is dat hy of sy opsetlik verkeerde inligting aan die munisipaliteit verskaf het toe hy of sy versoek is om daardie inligting te verskaf.
- (2) 'n Permithouer moet die permit onmiddellik aan die munisipaliteit terugbesorg wanneer –
- (a) die munisipaliteit die permit herroep;
 - (b) die permithouer toestemming geweier word om die permit oor te dra;
 - (c) die permithouer vir 'n tydperk van 2 maande of meer ophou om op die afgebakende ruimte handel te dryf;
 - (d) die permithouer voor die vervaldatum nie meer as 'n informele handelaar op die betrokke informelehandelsperseel handel wil dryf nie;
 - (e) die permithouer vir 'n tydperk van 2 maande nie 'n tweede afgebakende stalletjie gebruik het nie, wat kan voorstel dat ander handelaar-mededinging geblokkeer word deur 'n stalletjie se ruimte langs hul reeds afgebakende stalletjie se ruimte oop te hou.

Tydlike hervestiging en opskorting

15. (1) Die munisipaliteit kan na billike kennisgewing aan 'n informele handelaar, tydelik of permanent –
- (a) 'n permithouer hervestig;
 - (b) die geldigheid van 'n permit opskort; of

- (c) informele handel in 'n informelehandelsgebied of op 'n spesifieke handelsperseel of -persele opskort
indien die voortsetting van handel vanaf 'n informelehandelsgebied of -perseel onprakties of ongerieflik is vir die aktiwiteite van die munisipaliteit, enige regeringsfeer en enige openbare en privaat entiteit, insluitend hul onderskeie diensverskaffers.
- (2) Geen vergoeding is deur die munisipaliteit aan 'n informele handelaar betaalbaar ingeval –
- (a) die handelaar hervestig word nie;
 - (b) die permit opgeskort of herroep word nie; of
 - (c) handel vanaf 'n spesifieke informelehandelsgebied of -perseel opgeskort of verbied word nie, ongeag of 'n alternatiewe perseel aan die permithouer verskaf word of nie.

HOOFSTUK 4

BEPERKINGS EN VERBODINGS OP INFORMELE HANDEL

Beperkte of verbode gebiede

16. (1) Die Raad kan by besluit enige plek in sy regsgebied verklaar as 'n gebied waarin informele handel beperk of verbied word.
- (2) Die Raad kan met die beperking van of verbod op informele handel plekke aandui waar –
- (a) informele handel verbied word; of
 - (b) informele handel in gespesifiseerde goedere of dienste verbied word.
- (3) Die munisipaliteit moet tekens, merke of ander toestelle oprig om die grense aan te dui van –
- (a) gebiede waar informele handel beperk of verbode is (en die aard van enige beperking); en
 - (b) informelehandelsgebiede en informelehandelspersele.
- (4) Enige teken wat ingevolge hierdie verordening of enige ander wet opgerig word, dien as voldoende kennisgewing aan 'n informele handelaar dat informele handel in daardie gebied verbode of beperk is.

Beperkte optrede: oprigting van strukture

17. (1) 'n Informele handelaar mag geen struktuur, hetsy roerend of onroerend, oprig buiten dié wat deur die munisipaliteit goedgekeur is nie.

Beperkte optrede: oornaggebruik van die perseel

18. (1) 'n Informele handelaar moet nie oornag slaap op die plek waar hy of sy informele handel dryf nie.
- (2) 'n Informele handelaar moet nie na afhandeling van die dag se besigheid sy of haar goedere of handelstruktuur agterlaat by 'n informelehandelsperseel wat deel is van 'n openbare pad of openbare plek nie.

Beperkte optrede: ligging waar handel plaasvind

19. (1) 'n Informele handelaar moet nie –
- (a) sy of haar goedere op 'n openbare pad of openbare plek plaas nie, met die uitsondering van sy of haar motorvoertuig of sleepwa waaruit informele handel gedryf word: met dien verstande dat sodanige motorvoertuig of sleepwa nie die beweging van voetganger- of voertuigverkeer belemmer nie en voldoen aan die bepalings van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996);
 - (b) toelaat dat sy of haar goedere of plek van aktiwiteit 'n oppervlakte van 'n openbare pad of 'n openbare plek dek wat –
 - (i) meer as 6 vierkante meter in oppervlakte is nie; of

- (ii) meer as 3 meter lank is nie, tensy anders goedgekeur deur die munisipaliteit, op 'n spesiaal afgebakende informelehandelsruimte vir sleepwaens;
 - (c) handel dryf op 'n sypaadjie of padrand waar die –
 - (i) breedte van die sypaadjie of padrand minder as 3 meter is nie;
 - (ii) sypaadjie of padrand langs 'n openbare gebou, 'n plek van aanbidding, soos 'n kerk, sinagoge of moskee, of 'n nasionale monument is nie; of
 - (iii) sypaadjie aangrensend is aan 'n gebou waarin besigheid bedryf word deur enige persoon wat goedere van dieselfde of van 'n soortgelyke aard verkoop as die goedere wat deur die handelaar op sodanige sypaadjie verkoop word indien daardie persoon beswaar maak teen informele handel wat op daardie ligging plaasvind nie;
 - (d) handel dryf op die helfte van 'n openbare pad wat langs 'n gebou is wat vir residensiële doeleindes gebruik word indien die eienaar of okkupeerder van daardie gebou beswaar maak teen informele handel wat op daardie ligging plaasvind nie;
 - (e) handel dryf op enige sypaadjie wat direk voor 'n besigheid of winkel is nie, ongeag of dit met of sonder die toestemming van die betrokke winkeleienaar is;
 - (f) enige padverkeerstekens wat vertoon word ingevolge die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996) of enige merk, kennisgewing of teken wat vertoon of ingevolge 'n verordening aangebring word, belemmer nie;
 - (g) voertuigverkeer belemmer nie;
 - (h) toegang tot 'n voetgangeroorgang, voetganger-arkade of winkelsentrum belemmer nie;
 - (i) toegang tot 'n voertuig belemmer nie;
 - (j) toegang tot vullisdromme of ander fasiliteite bedoel vir die gebruik van die publiek belemmer nie;
 - (k) toegang tot 'n outomatiese tellermasjien belemmer nie;
 - (l) die uitsig van 'n kringtelevisiecamera (CCTV) belemmer nie;
 - (m) toegang tot parkering of laaiplekke of ander fasiliteite vir voertuigverkeer beperk nie;
 - (n) binne 5 meter van 'n kruising of brandkraan of enige ander brandbestrydings-toerusting handel dryf nie; of
 - (o) in 'n park handel dryf nie, tensy sodanige gebied deur die Raad as 'n informelehandelsgebied verklaar is.
- (2) 'n Informele handelaar moet met betrekking tot enige sypaadjie 'n onbelemmerde ruimte vir voetgangerverkeer laat van nie minder nie as –
- (a) 2 meter breed, gemeet vanaf enige aangrensende gebou tot sy of haar goedere of oppervlakte van aktiwiteit; en
 - (b) 0,5 meter breed, gemeet vanaf die randsteenlyn tot sy of haar goedere of oppervlakte van aktiwiteit.

Beperkte optrede: uitstalling en berging van goedere

20. (1) 'n Informele handelaar moet nie –

- (a) sy of haar goedere plaas of stapel op 'n wyse wat 'n gevaar vir enige persoon of eiendom sal inhou of waarskynlik enige persoon sal beseer of skade aan enige eiendom sal veroorsaak nie;

- (b) sy of haar goedere op of in 'n gebou uitstal nie, met of sonder die toestemming van die eienaar, wettige okkupeerder of persoon in beheer van sodanige gebou of eiendom;
- (c) inmeng met die vermoë van 'n persoon wat 'n sypaadjie gebruik om die goedere wat in 'n winkelvenster vertoon word, te sien nie of die aansig van sulke goedere verberg nie;
- (d) enige goedere wat aan die einde van die dag se besigheid nie maklik na 'n bergingsplek verskuif kan word nie, op 'n openbare pad of openbare plek plaas nie; en
- (e) sy of haar goedere of rommel in 'n mangat, stormwaterdrein, openbare toilet of in 'n boom berg of weggooi nie.

Beperkte optrede: brande

21. (1) 'n Informele handelaar moet nie op enige afgebakende of nieafgebakende plek hoegenaamd 'n vuur maak om voedingsmiddels voor te berei deur 'n oopvlamvuur te gebruik nie; gastoerusting moet gebruik word en 'n toepaslike brandblusser moet byderhand wees.

Beperkte optrede: rommel

22. (1) 'n Informele handelaar moet rommel wat deur sy of haar informele handel gegenerer word, weggooi in 'n vullishouer wat deur die munisipaliteit goedgekeur of voorsien is.
- (2) 'n Informele handelaar moet nie, behalwe in 'n vullishouer wat deur die munisipaliteit goedgekeur of voorsien is, op enige grond of perseel of enige openbare pad of openbare plek of op enige openbare eiendom enige rommel ophoop, stort, berg of neersit of veroorsaak of toelaat dat dit opgehoop, gestort, geberg of neergesit word nie.

Beperkte optrede: aanhegsels

23. 'n Informele handelaar moet nie enige van sy of haar goedere op enige manier heg aan enige gebou, struktuur, sypaadjie, boom, parkeermeter, lamp, paal, kragpaal, telefoonhokkie, posbus, verkeersteken, bank of enige ander straatmeubels in of op 'n openbare pad of openbare plek nie.

Beperkte optrede: alkohol, klanktoestelle en elektrisiteit

24. 'n Informele handelaar moet nie –
- (a) alkoholiese produkte verkoop of bevorder nie;
 - (b) voorskrif- of verwante farmaseutiese medikasies verkoop of bevorder nie;
 - (c) enige onwettige middels of plante verkoop nie;
 - (d) enige onwettige goedere verkoop nie;
 - (e) klokke, toeters, klankversterkers of soortgelyke toestelle gebruik met klank om klante te lok nie; en
 - (f) enige kragtoevoer of 'n kragopwekker gebruik tensy dit uitdruklik deur die munisipaliteit goedgekeur is nie.

Beperkte optrede: algemeen

25. 'n Informele handelaar moet nie informele handel dryf –

- (a) op 'n plek of in 'n gebied wat teenstrydig is met enige verbod of beperking wat deur die munisipaliteit opgelê is nie; of
- (b) op enige wyse wat –
 - (i) veroorsaak dat dit die billike rus en vrede, gerief of gemak en welstand van enige ander persoon ontwig en sodoende 'n oorlas skep nie;
 - (ii) die oppervlak van enige openbare pad of openbare plek of enige openbare of privaat eiendom beskadig of ontsier nie;
 - (iii) 'n verkeers- of gesondheidsgevaar of 'n gesondheidsrisiko skep nie; of
 - (iv) strydig is met enige bepalinge en voorwaardes van sy of haar informelehandelspermit nie.

Omgewingsgesondheid

26. (1) 'n Informele handelaar moet –

- (a) die informelehandelsperseel of -gebied of wat deur hom of haar geokkupeer word vir die doeleindes om informele handel te dryf, in 'n skoon en higiëniese toestand hou;
 - (b) sy of haar goedere in 'n skoon en higiëniese toestand hou;
 - (c) verseker dat, elke dag na afhandeling van besigheid –
 - (i) die informelehandelsperseel of -gebied wat deur hom of haar geokkupeer word vir die doeleindes om informele handel te dryf, vry is van rommel en ander afval; en
 - (ii) al sy of haar goedere van enige openbare pad of openbare plek versamel en verwyder word en in 'n geskikte fasiliteit geberg word;
 - (d) in die loop van die bedryf van sy of haar besigheid die nodige voorsorgmaatreëls tref wat nodig sal wees om die storting van vet, olie of smeersel op 'n openbare pad of openbare plek, of in 'n stormwaterdrein te voorkom;
 - (e) verseker dat geen rook, dampe of ander stowwe, reuke of geraas as gevolg van sy of haar aktiwiteite wat verband hou met informele handel, besoedeling van enige aard veroorsaak nie;
 - (f) sake doen op 'n wyse wat nie 'n bedreiging vir openbare gesondheid of openbare veiligheid inhou nie; en
 - (g) op versoek van 'n gemagtigde amptenaar van die munisipaliteit enige voorwerp skuif of verwyder sodat die informelehandelsgebied of -perseel waarop informele handel gedryf word, skoongemaak kan word.
- (2) Waar voedsel, ongeag waar die voedsel voorberei is, by 'n informelehandelsplek verkoop of hanteer word, moet 'n sertifikaat van aanvaarbaarheid, soos bedoel in die Regulasies insake Algemene Higiënevereistes vir Voedselpersele, GK R638 van 22 Junie 2018, eers vanaf die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit verkry word.

Tydlike verskuiwing

27. (1) 'n Informele handelaar moet op versoek van 'n gemagtigde amptenaar of 'n diensverskaffer wat deur die munisipaliteit aangestel is, sy of haar goedere skuif sodat enige werk met betrekking tot 'n openbare pad, openbare plek of enige werk uitgevoer kan word.
- (2) Geen vergoeding is deur die munisipaliteit aan enige informele handelaar betaalbaar weens die tydelike verskuiwing van informele handel soos bedoel in subartikel (1) nie.

Spesiale geleentheid

28. (1) Die munisipaliteit kan, met redelike kennisgewing, informele handel verbied of beperk vir die duur van 'n spesiale geleentheid en binne 'n voorgeskrewe gebied, nieteenstaande die bepalings van enige informelehandelsbeleid of enige informelehandelspermit.
- (2) Geen vergoeding is deur die munisipaliteit aan enige informele handelaar betaalbaar weens die verbod of beperking van informele handel soos bedoel in subartikel (1) nie.

Verpligting van eienaars op niemunisipale eiendom

29. 'n Eienaar van niemunisipale eiendom moet –
- (a) verseker dat enige informele handel wat op sy of haar eiendom plaasvind, aan hierdie verordening en enige ander toepaslike wetgewing voldoen;
 - (b) aan enige gemagtigde amptenaar toegang gee tot sy of haar eiendom met die doel om voldoening aan hierdie verordening te verseker;
 - (c) verseker, op die eienaar se koste, dat voldoende dienste verskaf word om aanvaarbare higiëniese toestande ten opsigte van informele handel te handhaaf; en
 - (d) verseker dat skriftelike goedkeuring of toestemming van alle bure in die onmiddellike omgewing van die eiendom verkry word.

HOOFSTUK 5

AFDWINGING

Verwydering en skutting

30. (1) 'n Gemagtigde amptenaar kan enige goedere van 'n informele handelaar wat hy of sy redelikerwys vermoed gebruik word, gebruik is of bedoel is om gebruik te word vir of in verband met informele handel wat strydig is met hierdie verordening of enige ander toepaslike wet, verwyder en skut, of in die geval waar 'n handelaar voortgaan met 'n oortreding of 'n oortreding herhaal ten opsigte waarvan een of meer kennisgewings aan daardie handelaar uitgereik is.
- (2) Die verwydering en skutting van goedere ingevolge subartikel (1) kan uitgevoer word, ongeag of sodanige goedere op daardie tydstip in die besit of onder die beheer van enige derde party is of nie.
- (3) Enige gemagtigde amptenaar wat goedere ingevolge subartikel (1) verwyder of skut, moet, behalwe waar goedere gelaat of prysgegee is, aan die informele handelaar 'n kwitansie uitreik wat –
- (a) die volle naam, identiteitsnommer en kontakbesonderhede van die handelaar aandui;
 - (b) 'n erkenning bevat wat deur die informele handelaar onderteken of gemerk is ter bevestiging dat die inhoud van die kwitansie korrek is;
 - (c) die goedere spesifiseer wat verwyder en geskut sal word;
 - (d) die adres verskaf waar die geskutte goedere gehou sal word;
 - (e) die tydperk van skutting aandui;
 - (f) die bepalinge en voorwaardes aandui waaraan daar voldoen moet word om die vrystelling van die geskutte goedere te verseker;
 - (g) die skutkoste aandui wat betaal moet word om die vrystelling van die geskutte goedere te verseker;
 - (h) die bepalinge en voorwaardes aandui waarvolgens onopgeëiste goedere verkoop of andersins mee weggedoen sal word; en
 - (i) die naam en adres verskaf van 'n munisipale amptenaar waaraan enige vertoë in verband met die skutting gerig kan word, en die datum en tyd waarteen vertoë gerig moet word.
- (4) Indien enige goedere wat geskut moet word aan onroerende eiendom of 'n struktuur geheg is, kan 'n gemagtigde amptenaar enige persoon wat oënskylik in beheer van die onroerende eiendom of struktuur is, gelas om die goedere wat geskut moet word, te verwyder, en indien daardie persoon weier of versuim om te voldoen –
- (a) sal daardie persoon skuldig aan 'n misdryf wees; en
 - (b) kan die gemagtigde amptenaar self die goedere verwyder.
- (5) Goedere wat geskut is, kan vrygestel word na –
- (a) bewys van eienaarskap in die vorm van die voorlegging van die kwitansie bedoel in subartikel (3); en
 - (b) betaling van die skutgelde ontvang is.

- (6) (1) Die munisipaliteit kan enige tyd na die skutting die volgende verkoop, vernietig of andersins daarmee wegdoen –
- (a) geskutte bederfbare goedere as die goedere 'n gesondheidsrisiko of 'n oorlas voorstel of kan voorstel; en
 - (b) voedingsmiddels wat ongeskik vir menslike verbruik is, met dien verstande dat 'n kennisgewing aan die betrokke informele handelaar beteken is wat hom of haar meedeel –
 - (i) dat sy of haar geskutte goedere verkoop, vernietig of weggedoen staan te word;
 - (ii) van die tyd van sodanige verkoop, vernietiging of wegdoening; en
 - (iii) van die redes vir die verkoop, vernietiging of wegdoening.
- (7) Geskutte goedere buiten bederfbare goedere kan deur die munisipaliteit verkoop word indien die eienaar nie binne 30 dae na die datum van skutting van daardie goedere betaal of kan betaal nie.
- (8) Indien geskutte goedere ingevolge subartikel (6) of (7) deur die munisipaliteit verkoop word, en ná die voorlegging van die kwitansie bedoel in subartikel (3) as bewys van eienaarskap, moet die munisipaliteit aan die persoon wat die kwitansie voorlê, die opbrengs van die verkoop minus die skutkoste betaal.
- (9) Ingeval die opbrengs van enige verkoop van goedere bedoel in hierdie artikel nie voldoende is om enige uitgawes te dek wat deur die munisipaliteit in verband met die verwydering en skutting daarvan aangegaan is nie, sal die handelaar vir die verskil aanspreeklik bly.
- (10) Indien sodanige handelaar versuim om sodanige opbrengs binne 30 dae vanaf die datum waarop sodanige eiendom verkoop is, op te eis, sal die opbrengs aan die munisipaliteit prysgegee word.
- (11) Indien 'n gemagtigde amptenaar redelikerwys van mening is dat daar 'n vermoede is dat 'n informele handelaar in onwettige goedere handel dryf, kan daar onmiddellik op daardie goedere beslag gelê word en, in die geval van sodanige beslaglegging, moet die gemagtigde amptenaar –
- (a) aan die vereistes van hierdie artikel voldoen; en
 - (b) die vermoedelike onwettige goedere onmiddellik aan die Suid-Afrikaanse Polisie oorgee.

Misdrywe

31. (1) 'n Persoon is skuldig aan 'n misdryf as hy of sy –
- (a) handel dryf sonder 'n informelehandelspermit;
 - (b) enige bepaling van hierdie verordening oortree;
 - (c) enige bepaling waarvolgens 'n permit aan hom of haar uitgereik is, oortree;
 - (d) versuim of weier om te voldoen aan enige regmatige opdrag wat ingevolge hierdie verordening uitgereik is;
 - (e) enige gemagtigde amptenaar in die uitvoering van sy of haar amptelike pligte of funksies ingevolge of kragtens hierdie verordening bedreig, weerstaan, ontwrig of belemmer; of
 - (f) doelbewus vals of misleidende inligting aan 'n gemagtigde amptenaar verskaf.
- (2) 'n Persoon is skuldig aan 'n voortgesette misdryf as hy of sy voortgaan met 'n misdryf nadat 'n kennisgewing ingevolge hierdie verordening aan hom of haar beteken is wat van hom of haar vereis om sodanige misdryf te staak of nadat hy of sy aan sodanige misdryf skuldig bevind is.

Strafbepalings

32. (1) Indien 'n wetstoepassingsbeampte bevind dat enige persoon enige vereiste of beperking van hierdie verordening oortree, kan sodanige wetstoepassingsbeampte 'n boete aan sodanige persoon oplê, soos goedgekeur deur die landdros, of 'n kennisgewing uitreik om in die hof te verskyn.
- (a) **Eerste oortreding:** Die munisipaliteit sal met die eerste oortreding van enige bepaling van hierdie verordening 'n boete oplê in ooreenstemming met die voorgeskrewe skedule van strafgeld wat deur die hof bepaal en goedgekeur word.
 - (b) **Tweede oortreding:** Met 'n tweede oortreding van dieselfde bepaling, sal 'n verdere boete opgelê word, soos deur die hof bepaal en goedgekeur.
 - (c) **Derde of daaropvolgende oortreding:** Met 'n derde of enige daaropvolgende oortreding van enige bepaling van hierdie verordening, sal die oortreder nie meer geregtig wees om aanspreeklikheid deur die betaling van 'n boete te aanvaar nie, en sal in 'n hof vervolg en verbied word om vir 'n maksimum tydperk van 24 maande handel te dryf.
- (2) Niks in hierdie artikel sal vertolk word as 'n beperking of ontneming van die munisipaliteit se reg om die hof direk te nader nie, indien die omstandighede dit na die mening van die munisipaliteit regverdig.

HOOFSTUK 6

DIVERSE BEPALINGS

Appèlle

33. (1) 'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit wat ingevolge hierdie verordening deur die munisipaliteit geneem word, kan teen daardie besluit appèl aanteken ingevolge die bepaling oor appèlle vervat in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) deur binne 21 dae van die datum van kennisgewing van die besluit, skriftelike kennisgewing van die appèl en die redes daarvoor aan die Munisipale Bestuurder te gee.

Herroeping van wette, en voorbehoude

34. (1) Die Witzenberg Munisipaliteit Verordening op Straathandel wat op 16 Augustus 2022 uitgevaardig is, word hiermee herroep en deur hierdie verordening vervang.
- (2) Alle permitte wat uitgereik is ingevolge die Witzenberg Munisipaliteit Verordening op Straathandel wat in munisipale kennisgewing 97 van 1995 gepubliseer is, bly in volle krag asof dit nie herroep is soos bedoel in subartikel (1) nie.
- (3) Enige regte wat verleen is of verpligtinge wat opgelê is soos bedoel in die wette waarna in subartikel (2) verwys is, bly van krag asof daardie wette nie herroep is nie.
- (4) Nieteenstaande die bepalings van hierdie verordening –
- (a) bly enige verklaring van 'n gebied binne die regsgebied van die munisipaliteit as 'n gebied waarin die bedryf van die besigheid as straatverkoper of smous beperk of verbied word, geldig tot tyd en wyl die Raad 'n beleid oor informele handel ten opsigte van sodanige gebied aanvaar ingevolge hierdie verordening;
- (b) waar 'n permit voor die uitvaardiging van hierdie verordening aan 'n informele handelaar uitgereik is wat handeldrywing op 'n spesifieke perseel toelaat, sal hierdie permit voldoen aan die regulasies wat in hierdie verordening aangedui word.

Kort titel en inwerkingtreding

35. Hierdie verordening word die Witzenberg Munisipaliteit: Verordening op Informele Handel, 2026 genoem en tree in werking op die datum waarop dit in die *Provinsiale Koerant* van die Wes-Kaap gepubliseer word.

UMTHETHO WOMASIPALA WOKUTHENGISA ESITRATWENI: UMASIPALA WASEWITZENBERG

UMTHETHO WOMASIPALA WOKUTHENGISA ESITRATWENI

Lo mthetho ubonelela ngelungelo lokuthengisa esitratweni, ukumisa iindawo zokuthengisa esitratweni kunye neesayithi zokuthengisa ezitratweni kwiiprophi zomasipala. Lo mthetho ukhuthaza ukuziphilisa, wenza imisebenzi, kwaye unceda abathengisi abasakhulayo bafumane iimvume zokuthengisa kwiindawo ezisemthethweni zokuthengisa kwindawo eyiprophi yomasipala; uthintela walele ukuthengisa esitratweni kwiindawo ezithile; ulawula indlela yokuziphatha kwabathengisi basesitratweni; ulawula ukuthengisa kwasesitratweni ngexesha lemicimbi ekhethekileyo; ubonelela ngeenkqubo zokuqinisekisa ngempilo nokhuseleko; ubonisa amatyala nezohlwayo; ubonelela ngokurhoxiswa kwemithetho yomasipala; khonukuze kubonelelwe ngemiba ehambelana noko.

IZZIQLATHO

ISAPHLUKO 1 UKUTOLIKWA

1. Iinkcazelo
2. Ukutolika komthetho womasipala
3. Iinjongo zomthetho womasipala
4. Ukusetyenziswa kwemithetho yomasipala

ISAPHLUKO 2

INKULULEKO YOKUTHENGISA ESITRATWENI

5. Inkululeko yokuzibandakanya kuthengiso lwasesitratweni

ISAPHLUKO 3

UKUTHENGISA KWASESITRATWENI KWIPROPHATI YOMASIPALA

6. Iindawo kunye neesayithi zokuthengisa
7. Amaxesha kunye neemeko zokuthengisa ezizezinye
8. Ukwalelwa: kokuthengisa kwasesitratweni kwiprophati yomasipala ngaphandle kwemvume
9. Iimvume zokuthengisa esitratweni
10. Iintlawulo zokuthengisa esitratweni
11. Ukonyulwa kummeli ogunyazisiweyo wokuthengisa esitratweni
12. Ukutshintshelwa kweemvume zokuthengisa esitratweni
13. Imisebenzi yomthengisi wasesitratweni
14. Ukurhoxiswa kunye nokunqunyanyiswa kweemvume zokuthengisa esitratweni
15. Ukufuduka okwethutyana kunye nokunqunyanyiswa

ISAPHLUKO 4

UKWALELWA KUNYE NOKUTHINTELWA KOKUTHENGISA ESITRATWENI

16. Iindawo ezingavumelekanga okanye Iindawo ezithintelweyo
17. Izenzo ezingavumelekanga: ukwakhiwa kwezakhiwo
18. Izenzo ezingavumelekanga: ukusebenzisa isayithi ebusuku
19. Izenzo ezingavumelekanga: indawo yokuthengisa
20. Izenzo ezingavumelekanga: ukubonisa kunye nokugcina iimpahla
21. Izenzo ezingavumelekanga: imililo
22. Izenzo ezingavumelekanga: ukulahla izinto ezimdaka
23. Izenzo ezingavumelekanga: ukuncamathelisa izinto
24. Izenzo ezingavumelekanga: utywala, izixhobo ezikhupha isandi kunye nombane
25. Izenzo ezingavumelekanga: gabalala
26. Ezempilo kwimo esingqongileyo
27. Ukuhamba okwethutyana
28. Imicimbi ekhethekileyo
29. Uxanduva lwabaninimhlaba kwiprophati engeyokamasipala

ISAPHLUKO 5 UNYANZELISO

30. Ukususwa nokubanjwa
31. Amatyala
32. Izohlwayo

ISAPHLUKO 6 IZIBONELELO EZOHLUKENEYO

33. Izibheno
34. Ukurhoxiswa kunye nokugcinwa kwemithetho
35. Isihloko esifutshane nokuqalisa ukusebenza

INTSHAYELELO

NJENGOKO iBhunga liyiqonda indima ebalulekileyo edlalwa luthengiso lwasesitratweni ekunciphiseni intlupheko, ukwenza ingeniso kunye nophuhliso loshishino kunye, ngakumbi, kwimpembelelo entle yothengiso lwasesitratweni kubantu nakuluntu olwalucinezelwe;

NJENGOKO iBhunga lisiqonda isidingo sokwamkela indlela yophuhliso kuthengiso lwasesitratweni kwingingqi yomasipala elawulwa kakuhle. Oku kufuna ukuba, ukulawulwa kothengiso lwasesitratweni kuthathelwe ingqalelo oku kulandelayo –

- (a) Ukukhuthaza uphuhliso lwentlalo noqoqosho;
- (b) Ukukhuthaza iukhuseleko kunye nendawo yokusingqongileyo ekhuselekileyo nenempilo;
- (c) Isicwangciso somasipala;
- (d) Ukuvunyelwa nokulawulwa kwemibutho ethengisa ukutya eluntwini; kunye
- (e) Ukuphathwa kweendawo kunye neendlela zoluntu;

NJENGOKO iBhunga linobuchule ngokweCandelo B lweShedyuli4 neyesi5 loMgaqosiseko malunga nemiba enjengolawulo lokuthengisa esitratweni, iintengiso, neemarike;

KWAYE NJENGOKO iBhunga lomasipala waseWitzenberg linemvume ngokwecandelo 156(2) loMgaqosiseko weRiphabhlikhi yoMzantsi, njengoko ulungisiwe, uwufunde necandelo 13 loRhulumente baseKhaya: uMthetho ka2000, weeNkqubo zoMasipala (uMthetho wama32 ka2000), njengoko ulungisiwe, ukwenza kunye nokulawula ukusebenza okusebenzayo kweenkqubo zemithetho yomasipala nenelungelo lokulawula imicimbi, ngokwenza lo mthetho ulandelayo:

ISAPHLUKO 1 UKUTOLIKWA

iinkcazelo

1. Kulo mthetho womasipala, ngaphandle kokuba umxholo ubonisa okunye –

“abameli babathengisi abagunyazisiweyo” bathetha umntu ogunyaziswe ngokusemthethweni ukuba amele umthengisi wasesitratweni onemvume esemthethweni yokuthengisa njengomthengisi wasesitratweni. Lo mntu ugunyazisiwe ukuba ajonge imicimbi enje ngokuthengisa kunye nokutyikitya amaxwebhu kwizitolo ezimiseliweyo. Lo mntu kufuneka athobele imigaqo nemiqathango efanayo naleyo yomntu onemvume yokuthengisa esitratweni.

“ibhunga lomasipala” okanye **“ibhunga”** lithetha ibhunga loMasipala waseWitzenberg, ibhunga lomasipala elichazwe kwicandelo 157(1) loMgaqosiseko.

“Igosha eligunyazisiweyo” lithetha umntu ogunyaziswe ngumasipala ukuba aphonononge, enze, okanye anyanzelise imimiselo yalo mthetho womasipala. Oku kubandakanya abasebenzi abafana namapolisa kamasipala okanye nawuphi na umntu obekwe ngumasipala ukuba enze umsebenzi lowo, kubandakanya kodwa kungaphelelanga apho:

